

## HEMELVAART: ONS HOËPRIESTER IN DIE HEMEL

FW van der Rhee

### INHOUDSOPGAWE

Hemelvaart: ons hoëpriester in die hemel	1
Jesus en die Gees	3
As julle deur die Gees lewe, stap dan ook in gelid met die Gees	5
Volledig	7
Die doodstraf in die wet van God	9

Is Hemelvaart 'n fees? Oor dié vraag is daar in die geskiedenis van die kerk lank nagedink. Hemelvaart is tot in die vierde eeu na Christus nie apart gevier nie. Eers in die Middeleeue word dit 'n fees waarmee Paasfees afgesluit word. Dit is ewenwel steeds nie algemene gebruik om van 'n hemelvaartsfees te praat nie. Tog is daar heelwat om te vier, "... *terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou*" (Hebreërs 4:14). Hemelvaart is die fees van die Hoëpriester!

Die hemelvaart van Christus beteken dat Hy nie meer, soos tydens sy aardse lewe, liggaamlik onder ons is nie. Ons het dikwels moeite met hierdie heilsfeit. Maar waarin lê vir ons die heil? Ons wil in hierdie artikel as 't ware 'van bo af' na die hemelvaart kyk en let op die werk van Christus in die hemel.

### Offer

Die priesters van die Ou Testament het 'n drievoudige taak gehad. Hulle dien in die tabernakel en die tempel het bestaan uit die bring van offers, voorgaan in die gebed en om die volk te seën. Die heil van die opge-



vare Christus kan aan die hand van hierdie kernbegrippe getipeer word: Christus is ons Hoëpriester in die hemel. So word Hy in die Hebreërbrief genoem. Die Hoëpriester was die hoof van die priesters en die belangrikste verteenwoordiger van die volk by God.

Nou is dit so dat Christus nie in die hemel vir ons offer nie. Die daaglikse offerritueel wat in die Ou Testament plaasgevind het, is uiteindelik met die sterwe van ons Here aan die kruis vervul. Dié een offer is vir eens en altyd genoeg. Wel beteken die Hemelvaart dat Christus die geregtigheid en versoening, wat Hy as onskuldig ter dood veroordeelde vir ons verwerf het, aan sy Vader aanbied.

Ons kan hierdeur grootliks bemoedig word! Toe Christus die hemel betree het, moes Satan, die aanklaer van ons sonde, daar uit! (Openbaring

### REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

12:10) Tot voor die hemelvaart het hy ons dag en nag by die Vader aangekla en gewys op al ons sondes, swakhede en mislukkings. Maar toe Christus die hemel binnegekom het as die Lam wat geslag is, is die duiwel se mond gesnoer. Die gronde vir die aanklagte bestaan nog wel, maar die straf wat op die aanklagte moes volg, is al gedra.

So gee Hemelvaart ons die ruimte om ons sonde

**Hy staan voor die Vader in vir hulle wat aan Hom behoort en bid vir hulle welsyn en hulle vrede.**

te bely en te bid om die krag van die versoeningsbloed. Ons hoef nie self daarmee te bly sit nie. Christus het die skat van die geregtigheid wat deur Hom verwerf is, die hemel ingedra. Elke druppel bloed van Gólgota word daar bewaar en deur die Woord en die Gees deel Hy die krag daarvan uit aan die kragteloos en die skuldiges wat by Hom skuil.

### **Bid**

Toe Christus die hemel binnegekom het, moes nie net die aanklaer, Satan, padgee nie. Toe het ook die Pleitbesorger binnegekom. Dit was die taak van die Hoëpriester om in die naam van die volk te bid. Hy het die lofprijsing, aanbidding, nood en verlange van Israel voor die HERE gebring. Só pleit Christus in die hemel, tree Hy in vir hulle wat in gebed tot God gaan (Hebreërs 7:25). Die heil van die Hemelvaart is dat Christus ook hiervoor na die hemel gegaan het. Hy staan voor die Vader in vir hulle wat aan Hom behoort en bid vir hulle welsyn en hulle vrede. Ons het 'n treffende voorbeeld hiervan in die hoëpriesterlike gebed (Johannes 17). Christus pleit by sy Vader om sy Kerk op aarde van die Bose te bewaar en

te heilig. Hy bid vir heerlijkheid en eenheid met Hom van almal wat in sy Woord glo en smeeke dat die liefde wat Hy vir ons het, ook in ons sal wees.

Elke keer wanneer ons dus ons hande vou, ons oë sluit en ons gebede na God bring, bid Christus met ons saam! Ons moet daaraan dink wanneer ons dit doen, ook in die tye as ons voel dat die woorde van ons gebede nie verder as die plafon kom nie. Die Heiland het hulle gehoor en bring hulle voor die Vader—en sou Hy na sy eie Seun nie luister nie?

### **Seën**

Die derde trefwoord is seën. God het na die volk Israel gekom deur die seënende hande van die priesters. Hierby het die Aäronitiese seën van Numeri 6 'n besondere plek. Dit was die seën wat God self aan Moses geopenbaar het: *“Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee”* Numeri 6:23-26). Eers is die brand- en vredeoffers gebring en dan het die priesters vanaf die rand van die altaar die seën uitgespreek.

By sy hemelvaart skei Jesus van sy dissipels terwyl Hy hulle seën. Dit was iets om nooit te vergeet nie. Die laaste beeld wat menslike oë van Jesus gesien het, was sy seënende hande. Dit is die teken dat Hy ons vanuit die hemel sy seën gegee het en steeds gee. Ons kan aan die einde van 'n kerkdiens (diens van versoening!) die seën in die Naam van Christus ontvang en met ons saamdra die wêreld in. Christus beloof om met ons te wees, ons te behoed, ons genadig te wees en aan ons vrede te gee. Hoe groots is dit om onder dié seën te kan lewe! As u daar-

**Wat God van ons vra, werk Hyself in ons, of dit sal nooit plaasvind nie.**

- Matthew Henry

uit leef, word u aan God verbind. U lewe word met Hom versoen en die toekoms hou groot belofte in, omdat Hy so veel belooft!

Danksy die hemelvaart kan ons hierdie dinge

weet, en Hom dank vir die seën wat Hy gee, want “Hy laat op sy erf benede druppels daal van seën en vrede” (Psalm 29:5, berym).

## JESUS EN DIE GEES

*LBC Boot*



*... en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.*

(1 Korintiërs 12:3b)

Die Pinksterevangelie van Handeling 2 laat op 'n pragtige manier die krag van die werking van die Heilige Gees sien. 'n Geluid soos van 'n geweldige rukwind. Tonge soos van vuur wat op elkeen gaan sit. Petrus, vervul met die Heilige

Gees. Pinkster was uniek en dit het duidelik gemaak dat die werk van die Heilige Gees fokus op die hart van die Evangelie: Jesus Christus. Dit word keer op keer in die Nuwe Testamentiese briewe onderstreep.

Dit is baie belangrik dat ons sal leer om hieraan vas te hou: Jesus en die Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Hoe anders sou jy Hom ken as deur die Heilige Gees?

### 'n Bipolêre gesprek

Wie die brief van Paulus aan die Korinthiërs bietjie ken, sal weet dat Paulus in dié brief dikwels in uiterstes praat. Paulus begin heel positief met 'n onderwerp, net om 'n oomblik later te vervolg met die 'maar' van 'n korreksie of vermaning. Hy prys die Korinthiërs dat hulle in alles in Christus ryk geword het en in dieselfde asem laat hy daarop volg dat daar nie onder hulle verdeeldheid moet wees nie. Heel aan die begin skryf Paulus dat dit die Korinthiërs aan geen genadegawe ontbreek nie, maar vervolgens gebruik hy nie minder nie as drie hoofstukke om uit te lê wat die werk van die Heilige Gees werklik is. Dit lyk asof die gemeente van Korinthe vooraf vir Paulus 'n brief met vrae oor die werk van die Heilige Gees geskryf het. Wat duidelik moet wees, is blykbaar 'n verwarring. 'n Legio antwoorde word in die boek Korinthiërs gegee op die vraag wat

**Sondaars kan God se weg teenstaan, maar hulle kan nie sy toorn teenstaan nie.**

- Thomas Watson

die werk van die Heilige Gees is, sodat die Korinthiërs uiteindelik hulself kan begin afvra: werk die Gees ook werklik by ons?

### Jesus deur die Heilige Gees sien

Dáárop gee Paulus 'n verrassende antwoord: *niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees*. Dit lyk na 'n maklike antwoord, dit lyk selfs té maklik, maar niks is minder waar nie. Wie sê 'Jesus is Here' bely daarmee: 'Hy is my Here'. Hy is die God wat die sê het oor my. Ek is sy eiendom. Hy het my met sy bloed gekoop. Dit gebeur nie vanself nie en is ook nie vanselfsprekend nie. Vanself sien jy van Hom niks, en het jy ook geen enkele behoefte aan so 'n Here nie. Juis dít is die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees open die Woord van die Here en laat jou sien wie jy vir die Here is. Ek is in die skuld by die Heilige God. Die Heilige Gees rig jou blik op Christus, bring sy skatte na jou toe en maak hulle jou eie, sodat jy sien en bely: "Jesus is Here; Hy is my Here; deur die Heilige Gees. Ek is sy eiendom; die Heilige Gees verseker my daarvan".

### Jesus deur die Heilige Gees erken

Om te sê dat Jesus Here is, het alles te doen met die belydenis dat Hy in jou lewe Koning is. As Jesus Christus in jou hart gekom het, regeer Hy ook jou lewe. As ek Hom leer ken het, is dit my lus en my lewe om Hom in my daaglikse lewe te dien. Dan het Hy immers nie alleen alle mag in die hemel en op die aarde nie, maar tog ook in my persoonlike lewe? Dit is juis op hierdie punt wat dit duidelik blyk of die belydenis dat Je-

sus Here is, èg is. Of dit werklik deur die Heilige Gees geleer is, of nie. Om Christus as Koning te erken, beteken om jouself te verloor. Ék word onttroon, verloor eienaarskap van myself. Dit kos

**Dit is juis op hierdie punt wat dit duidelik blyk of die belydenis dat Jesus Here is, èg is. Of dit werklik deur die Heilige Gees geleer is, of nie.**

stryd; nie net aan die begin nie, maar my lewe lank, want vanuit myself is dit die laaste ding wat ek wil hê. Maar waar die Heilige Gees werk, dáár verloor die eie ek. Die Heilige Gees sorg daarvoor dat dit jou grootste verlange word om, selfs teen die verset van jou eie ek in, die Here as Koning te ken en erken. Om elke dag na sy wil te handel. Hy leer my dat dit diens van die Here goed is, en die moeite werd, ondanks al die stryd en spanning wat dit oplewer. Die Korinthiërs het dit al te goed geweet. In hulle dae was daar maarr één heer – die keiser. 'Die keiser is heer' was die sekulêre geloofsbelydenis. Nee, sê Paulus, Jesus is Here. Ons behoort net aan Hom. Ons bely Hom alleen as Heer, deur die Heilige Gees.

Is u deur die Gees van Pinkster oortuig? Ken u Jesus as Here? Wat 'n seën is dit, dat dit nie van jouself afhang nie. As onomstootlike bewys van sy eie werk, leer die Heilige Gees ons om Christus te bely.

O, my Here Jesus Christus, as ek in die hemel kon wees sonder U, sou dit 'n hel wees; en as ek in die hel was, en U steeds kon besit, sou dit vir my 'n hemel wees, want U is al die hemel wat ek begeer.

– Samuel Rutherford

**Elke keer in die Nuwe Testament as dit gaan oor God se werk in die mens, dan is die fokus baie sterker op die heiliging as op die opspraakwekkende.**

- JI Packer

# AS JULLE DEUR DIE GEES LEWE, STAP DAN OOK IN GELID MET DIE GEES

*E Viljoen*



Galasiërs 5 : 25

## Vrug van die Gees

Dié uitstaande kenmerk van 'n gemeente van Christus is 'n lewe deur die Gees, 'n lewe waar die vrug van die Gees sigbaar geword het. Hierdie vrug van die Gees is geen ander heiligheid as dit wat die Wet van Moses wou bewerk nie. Die Wet is werklik nie teen die vrug van die Gees nie. Die Wet vorm geen bedreiging en is geen vyand van elkeen wat die vrug van die Gees in hul lewens dra nie. Daar is wel één groot verskil: om die vrug van die Gees te kan dra, hoef 'n mens nie meer onder die toesighoudende werk en voogskap van die Wet van Moses te wees nie. Wat nou bepalend is, is dat die Gees kragtig in ons kom werk het: ons het die Gees ontvang deur die verkondiging van die evangelie (Gal. 3:5). Deur hierdie Gees het ons nuwe lewens gekry. Nou moet ons ook die leiding van

die Gees volg.

## In gelid

Dááror gaan dit vir Paulus in die hele brief aan die Galasiërs. Hulle het hul lewe met die Here begin deur die Gees (3:3). Geheel en al in hul geloof gefokus op Christus wat as gekruisigde uitgewerp is uit Israel. Intussen is hulle verlei om hulle lewens te laat lei deur die Wetsvereistes wat Israel onderskei het van die ander volke. Dit het verwarring en verdeeldheid in die gemeente gebring. Hierdie verwarring kan op net een manier opgelos word: ons moet in pas stap met die Gees. Byna soos soldate. Ten minste is dit die beeld wat Paulus se woorde oproep: “*As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees in gelid stap*” (5:25). Soos wat soldate in gelid stap met inagneming van mekaar, moet ons nou die leiding van die Gees volg. Eensgesind. Saam met mekaar die vrug van die Gees dra in (ken u dit nog?!) liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, selfbeheersing, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid. Dit kan net wanneer ek altyd in my lewe my broer en suster in die oog hou. Soos soldate wat netjies in gelid stap.

**Hemel sal nie volledig hemel vir Christus wees voordat Hy nie al sy verlostes by Hom het nie.**

- AW Pink

## Eensgesindheid vra diensbaarheid

'n Lewe wat deur die Gees beheer word, is geen losbandige lewe nie. Asof 'n lewe slegs goeie struktuur kan hê wanneer dit bymekaar gehou word deur vaste tye en reëlings! Kenmerkend van 'n lewe deur die Gees gelei, is dat dit vry is. Nie 'n vryheid wat ons losmaak van God nie. Vryheid mag dus nie vir losbandigheid gebruik word nie. Asof vryheid ons nie bind nie. Vryheid bind ons juis aan God, Christus en die Gees meer nougeset as ooit tevore! Die vryheid wat gekom het met die Gees maak mense wat eers selfgesentreer geleef het, diensknegte van mekaar in liefde (5:14). 'n Lewe in vryheid is nie 'n selfgerigte lewe nie, maar juis 'n lewe waar ek oog het vir my naaste. En dit is nou presies waaroor dit in die Wet van Moses gegaan het: *“Want die hele wet word vervul in een woord,*

**Soos wat soldate in gelid stap met inagneming van mekaar, moet ons nou die leiding van die Gees volg.**

*naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.*

Mense wat deur die lewendmakende krag van die Gees lewe, gaan nie elkeen sy eie koers nie. Wanneer gelowiges se lewenskompas gerig is op *“Jerusalem daar bo”*, kom daar 'n egte liefdesgemeenskap in die gemeente. Ons lewenskompas gerig op *“Jerusalem daar bo”*, bewerk hier op aarde 'n hegte eenheid. Paulus noem dit *“die huisgenote van die geloof”* (6:10b). Hierdie huisgenote stap in pas met die Gees. En die Gees is die waarborg dat hulle 'n hegte eenheid vorm.

## Ware en valse evangelisasie

Evangelisasie wat vriendelike parallelle trek tussen die weë van God en die weë van die mens, is troueloos teenoor die Bybel en wreed teenoor die hoorders daarvan.

Geloof in Christus is nie parallel met die wêreld nie, dit kruis daardeur. Deur tot Christus te kom, bring ons nie ons ou lewe na 'n hoër vlak nie; ons laat dit by die kruis lê. Die koringkorrel moet in die grond val en sterf. Ons wat die evangelie verkondig moet nie aan onself dink as skakelbeampies wat gestuur is om welwillendheid tussen Christus en die wêreld te bewerkstellig nie. Ons moet ons nie verbeel dat ons aangestel is om Christus vir die handel, die pers en die wêreld van sport en moderne onderwys aanvaarbaar te maak nie. Ons is nie diplomate nie, ons is profete; en ons boodskap is nie 'n kompromie nie, maar 'n ultimatum.

– A. W. Tozer

**Die evangelie sal in geen tyd van die geskiedenis of in enige land ooit in die mode wees nie.**

– Jules Marcel Nicole

# VOLLEDIG

*JW Roosenbrand*

“... en die priester moet dit ALLES op die altaar aan die brand steek”.

(Levitikus 1:9)

## Kollektegeld

Jy kan nie met leë hande kerk toe gaan nie. Daarom sit jy Sondagoggende kollektegeld gereed vir die kinders. Stel jousef voor dat jy in vroeër tye in Israel gelewe het. Kan jy jousef 'n bul of 'n bokram sien saamneem na die tabernakel? Jy kan nie met leë hande voor die Here kom nie.

## Jousef gee

By die tabernakel aangekom, lê jy jou hand op die kop van die bul. Dit is werklik jou eiendom, dit is 'n offer wat jy met jou eie hande aan God gee. Jy identifiseer jousef met die offer. Ek *wil* dit vir God gee. Jy druk self die skerp mes in die dier se nek.

Jy gee jousef aan God.

## Wil ek regtig?

Wil ek dit doen? Die brandoffer is die heel eerste offer. Dit lê onder op die altaar. Die res van die handeling word bo-op die brandoffer geplaas. Die brandoffer is die offer wat heeltemal verbrand word, alles daarvan is vir die Here bedoel.

Klaarblyklik is dit die eerste vraag, die basisvraag vir my in my lewe met die Here: wil ek werklik heeltemal vir Hom lewe?



Ek mag allerlei dinge van Hom vra, ek kan Hom dank vir 'n duisend dinge. Hy wil my sondes vergewe. Ook dit word in die taal van allerlei soorte offers tot uitdrukking gebring. Maar waarby dit alles begin, is dit: wil ek regtig met Hom en in alles volledig saam met Hom deur die lewe gaan?

## Jousef oor die streep trek

As iemand 'n bul as brandoffer bring, weet hy dat daardie dier heeltemal verbrand gaan word. Volledig.

Ja, dit is ook my begeerte. Om myself volledig aan God toe te wy. Met 'n onverdeelde hart.

So kan ek my indink hoe ek met so 'n bul op pad is na God se heiligdom. Ek kom agter dat die dier glad nie gewillig is nie. Ek moet hom trek. Ek trek hom na die altaar.

So trek ek myself. Ek wil, maar ek wil tog ook nie heeltemal nie. Ek trek myself oor die streep.

## Saam

In die heiligdom brand daar voortdurend 'n vuur op die brandofferaltaar. Dit mag nooit doodgaan nie. As eerste offer die priester elke oggend 'n bul namens die gemeente. Daar bo-op kom my persoonlike offer. Ek is nie die enigste nie (dank die Here!), en ook nie die eerste een wat na die heiligdom gaan nie. Gelukkig gaan ander gelowiges ook soontoe, met hulle bulle, of

**Die eerste reël van 'n heilige lewe is: Moenie vir God lieg nie.**

- Jeremy Taylor

ramme, of duiwe. Ons trek mekaar saam. Ons word getrek.

### Belowe en bid

Ek bemerk nog te veel halfhartigheid in my eie lewe. Maar ek wil nie daarin berus nie.

'n Hele bul wat in rook opgaan, is 'n simbool wat die werklike stand van sake in my lewe oortref.

My beloftes en my liedere loop soms die werklikheid vooruit. Die voornemens is wel daar, maar om eerlik te wees, is selfs my voornemens op die oomblik wat ek hulle uitspreek, nie eens altyd 100% bedoel nie.

Daarom is my offer terselfdertyd 'n gebed, my belofte terselfdertyd 'n smeekbede: laat hierdie offer asseblief waar word in my lewe; verenig

Vroeër in Israel was daar hoofsaaklik 3 soorte slagoffers: sondoffers, brandoffers en dankoffers. 'n Mens sou dit as volg skematies kon rangskik in 'n logiese volgorde:

*Sondoffers* getuig van versoening = die *regverdiging* (Levitikus 4).

*Brandoffers* getuig van toewyding = die *heiliging* (Levitikus 1).

*Dankoffers (Vredeoffers)* getuig van die viering = die *verheerliking* (Levitikus 3).

Dan was daar ook nog die *spysoffers*, wat getuig het van die voorsienige sorg van God (Levitikus 2).

Dit is opvallend dat dit die brandoffer is, en nie die sondoffer nie, wat eerste in Levitikus beskryf word!

Regverdiging is deur geloof alleen, maar 'n geregverdigde mens met geloof alleen sou 'n onding wees wat nie in die koninkryk van genade bestaan nie. Geloof werk deur die liefde (Galasiërs 5:6) en geloof sonder die werke is dood (Jakobus 2:17-20). Dit is lewende geloof wat regverdig en dit is lewende geloof wat met Christus verenig op grond van sy dood en in die krag van sy opstanding.

John Murray

Die tekort aan geloof is die bron van hebsug.

- John Calvin



# DIE DOODSTRAF IN DIE WET VAN GOD

RD Anderson



Baie mense in Suid-Afrika is ten gunste van die doodstraf. Dit is myns insiens goed dat ons oor hierdie onderwerp nadink sodat ons weer sal besef dat die doodstraf 'n Bybelse gegewe is. Daar bestaan baie vrae. Ek wil in hierdie artikel graag die een en ander sê oor wat die Bybel oor dié onderwerp duidelik maak, en begin met dit wat die Bybel oor regspraak in die algemeen sê.

## Regspraak in die Bybel

In Romeine 12:19 sê die apostel Paulus: *“Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.”* Paulus haal uit Deuteronomium 32:35 aan. In hoofstuk 13 van die brief aan die Romeine lê Paulus uit hoe die Here, by name deur middel van die owerheid, die kwaad vergeld. Paulus sê *“daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel...”* (Romeine 13:1), en pas dit dan toe met die waarskuwing dat die owerheid namens God straf. Hy stel dit nog sterker: die owerheid *“is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf”* (13:4).

Hier is twee punte van belang.

Eerstens leer die Bybel dat *elke* owerheid namens God diens doen. Net soos hier in Suid-Afrika, kon die Romeinse owerheid dít nie vermy nie. Selfs 'n nie-Christelike owerheid staan *onbewus* in diens van God om misdaad te vergeld. Die belangrikste punt hier is dat God van elke owerheid rekenskap sal vra op die jongste dag. *Het u ooreenkomstig My wil opgetree teen misdaad, of het u misdaad selfs bevorder?* Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering met 'n mond vol tande sal staan – dink maar net aan die houding teenoor verdowingsmiddels en prostitusie, die wettiging van moord op ongebore kinders en die bevordering van homoseksualiteit as alternatiewe lewensstyl.

Tweedens is daar ook die diens wat ons regering (deur sy regspleging) vir God verrig, om op te tree as sy *wreker* teen die kwaad. God het owerhede in die wêreld gestel om sy wraak teen misdaad uit te oefen. Dit is 'n baie belangrike deel van hulle taak.

Wanneer ons die woord “wraak” hoor, gee ons meer dikwels daaraan 'n negatiewe toon. Dit is omdat ons dink aan *persoonlike* wraak, wat nie in die Bybel óf in ons samelewing geduld word nie. Persoonlike wraak mag nie. Maar wanneer die owerheid 'n straf aan 'n misdadiger oplê, is dit wel “wraak” in die Bybelse sin.

Waarom? Strafoplegging hou in die Bybel altyd verband met *regstelling*. Wanneer 'n misdaad gepleeg word, is iemand benadeel. Hierdie nadeel moet deur middel van straf reggestel word. Die straf moet van gelyke waarde wees as die

**Die feit is dat die onderwerp “goddelike toorn” taboe is in die moderne wêreld, en oor die algemeen het Christene dit so begin aanvaar en besluit om dit maar nie meer na vore te bring, nie.**

- JI Packer

misdaad. Vandaar dan ook dat *Justitia*, die eeue oue simbool van geregtigheid, 'n skaal in haar linkerhand hou. 'n Misdaad bring die skaal in wanbalans en die gepaste straf moet die skaal weer in balans bring.

### 'n Oog vir 'n oog

'n Gepaste straf is nie altyd om terug te betaal wat jy geneem het nie. Daar was ook nadeel, ontwrigting en ander gevolge van die misdaadshandeling. Daarom het die Here, byvoorbeeld, dubbele vergoeding as straf vir diefstal gestel (Eksodus 22:7). Die terugbetaling van die gesteelde goed plus 'n boete van 100% is die *wraak*, die vergelding wat die Here vir die slagoffer vra. Die boete word *nie* aan die owerheid betaal nie, maar *aan die slagoffer* – dit was immers hy wat deur die misdaad benadeel is! Dit is wat regstelling beteken.

Hierdie beginsel is ook die agtergrond van die uitspraak van die Bybel: “*Oog vir oog en tand vir tand*” (Deuteronomium 19:21). Met ander woorde, elke misdaad moet 'n gepaste straf kry. Dit is 'n uitspraak binne 'n juridiese konteks. Daarom was die Here Jesus in Matteus 5:38-39 so fel teenoor die leer van die Fariseërs wat die uitspraak gebruik om *persoonlike* wraak te regverdig.

Dit is wel so dat die uitspraak (oog vir oog) en die beginsel van regstelling dan beteken dat vir die toedien van 'n liggaamlike letsel, die slagoffer dieselfde letsel as straf mag eis. As jou buurman jou van jou regterooë beroof, mag jy volgens die wet van God by die hof sy regterooë eis. Dit klink gruwelik, maar ons moet besef dat dit byna nooit in die praktyk gebeur het nie. Die rede hiervoor is dat, hoewel dié beginsel die grondslag van die straf is, die Here aan die slagoffer die keuse gee om die vergelding in 'n boete om te reken. Met ander woorde, in plaas daarvan om die regterooë van die dader te eis, kan jy 'n (geld)boete

van hom vra. Vir die slagoffer beteken 'n boete (wat *hy* kry, nie die owerheid nie) natuurlik baie meer as die regterooë van die dader – hy kan immers niks daarmee doen nie! Ons sal weldra iets meer sê oor die moontlikheid van plaasvervangende straf wanneer ons oor die toepassing van die doodstraf praat.

Die opmerking wat ek hier wil maak, is dat ook die *evangelie* op hierdie beginsels gebaseer is. Wat ek tot dusver gesê het, raak die kern van die boodskap van die Bybel. God is gans regverdig en dit gaan by Hom om *die regstel* van die kwaad. Die kwaad *moet* met 'n gepaste straf gestraf word. Dit geld ook vir die evangelie. Op die jongste dag, wanneer die Here God as regter oor hierdie wêreld oordeel, sal hy nie die sonde sommer kwyt skeld nie. Hy sal alle sonde teen sy heiligheid *vergeld*. Die enigste manier om die straf te vermy, is om Jesus Christus te vra om die straf vir ons te betaal; en Hy hét dit gedoen deur sy kruisiging. Deur ons geloof in Hom te stel, word ons skuld vir sy onskuld geruil. Hy betaal ons straf. Hy dra die *wraak* van God oor ons sonde.

Die beginsels wat God vir maatskaplike misdaad daargestel het, is dieselfde as dié by die boodskap van die evangelie. As ons die een uit die oog verloor, sal ons mettertyd die ander ook nie raaksien nie. Hoe ons na regstelling in ons samelewing kyk, sal direkte invloed hê op ons beskouing van die evangelie.

### Vervanging van die doodstraf in die wet van God

Al word die moontlikheid vir vervanging van die letterlike opgelegde straf min in die Bybel bespreek, is daar baie indirekte aanduidings daarvan. [Ons moet nie vergeet dat die “boeke van Moses” net 'n seleksie is uit die wette wat God aan Moses geopenbaar het nie. Ons weet byvoorbeeld dat God baie wette aan Abraham ge-

**Ons gevoel is altyd met sonde beplek, daarom moet die volmaakte Woord van God (en nie ons gevoel nie) die leiding in ons lewe hê.**

- P Groenenberg

gee het (Genesis 26:5) waarvan nie een vir ons bewaar gebly het nie, hoewel ons kan aanneem dat die wette wat aan Israel gegee is nie weselik daarvan afgewyk het nie. Daar word ook in baie gedeeltes in die Ou Testament melding gemaak van “wette van Moses”, wat nêrens in die eerste vyf boeke van die Bybel gevind word nie. Lees in die verband 2 Kronieke 30:16; Esra 6:18; Nehemia 30:32 e.v.].

Die moontlikheid vir vervanging van straf, geld ook by bepaalde misdade waarvoor die doodstraf voorgeskryf was. In Eksodus 21:29 e.v. lees ons dat as die eienaar van 'n bees geweet het dat dit gevaarlik is, en dit nie behoorlik oppas nie, en die bees maak iemand dood, dan moet die bees doodgemaak word en kry die eienaar die doodstraf. Maar dan lees ons in vers 30: “As aan hom losgeld opgelê word, moet hy vir die lossing van sy lewe alles gee wat hom opgelê word”. Die aanklaer (die naaste familielid van die slagoffer) mag dus *in plaas van die doodstraf 'n geldbedrag (boete) eis.*

Uit die Spreukeboek leer ons dat dieselfde plaasvervanging moontlik was by owerspel. Die voorgeskrewe straf vir owerspel is die doodstraf (Levitikus 20:10; Deuteronomium 22:22). Spreuke 6:32-35 (lees ook 13:7-8) waarsku dat die gekwete huweliksparty in 'n regsak vir owerspel so kwaad kan wees dat hy nie losgeld wil aanvaar in plaas van die doodstraf nie. Die reg om die amptelik voorgeskrewe doodstraf te laat voortgaan, berus dan by die aanklaer in die saak.

*“Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, hy doen so iets; slae en skande sal hy kry, en sy smaad sal nie uitgewis word nie; want jaloersheid is 'n toornloed in 'n man, en op die dag van wraak (by die regsak) verskoon hy nie; hy neem glad geen losprys in aanmerking nie,*

*en hy willig nie in nie al maak jy die omkoopgeskenk nog so groot.”*

Daar is egter misdade waarvan die Here gesê het dat géén losgeld aanvaar mag word nie. Ons lees in Numeri 35:31-33:

*“Maar julle mag geen losgeld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat skuldig is om te sterwe nie, want hy moet sekerlik gedood word. Ook mag julle geen geld aanneem om iemand vry te stel van die vlug na sy vrystad – sodat hy kan teruggaan om in die land te woon – tot op die dood van die hoëpriester nie. En julle mag die land nie onheilig waar julle in is nie; want die bloed onheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed van hom wat dit vergiet het.”*

In die konteks gaan dit hier oor moord met voorbedagte rade. Numeri 35:22 e.v. laat blyk dat by nalatige doodslag die dader na 'n vrystad mog gaan waar hy moes bly tot die dood van die hoëpriester.

### **Verpligte doodstraf**

Die vraag ontstaan waarom die straf vir hierdie misdaad (moord) nie in 'n boete omgesit mag word nie? Het dit te doen met die feit dat die mens die *beeld van God* is? God self word deur moord in sy eer aangetas. Sy beeld word omgebring. Hierdie oorweging kom nadruklik ter sprake by die instel van die doodstraf vir moord in Genesis 9:6: “Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.”

Was daar ander misdade waarvoor die doodstraf verplig was? In die lig van die feit dat dit aan die aanklaer oorgelaat was om 'n geldboete te kies, kan ons aanvaar dat waar daar nie 'n direkte aanklaer is nie, die opgelegde straf sou moes

**Geloof sien die reënboog van God se verbondsbelofte, wanneer my gevoel die wolk van swaarkry sien.**

geld. Dit geld dan verseker vir misdade waar God in werklikheid die aanklaer is, dit wil sê by openlike misdade teen God, soos openbare afgodery (Deuteronomium 13; Levitikus 20:2); om God te vloek (Levitikus 24:10 e.v.; lees ook Heidelbergse Kategismus v&a 100); hekserij (Levitikus 20:6, 27; Eksodus 22:18) en werk op die sabbat (Eksodus 31:15).

Om sondes teen die Here self as misdade te straf, sal teenswoordig natuurlik net in 'n samelewing wat uitsluitlik Christelik is, kan voorkom.

Die vraag kan ook gestel word of dit wys is om ons vir die doodstraf te beywer in 'n maatskappy wat nie Christelik is nie. Bring dit nie gevare mee nie? Sou 'n onchristelike regsisteem nie so 'n straf kan misbruik nie? Die eenvoudige antwoord hierop is dat dié argument nie vir Paulus opgeveeg het teen die beginsel van *regstelling* wat die Here self gegee het nie - 'n beginsel ingevolge waarvan die doodstraf noodsaaklik is. Nadat Paulus gesê het dat *alle* owerheidsmagte deur God ingestel is, sê hy in Romeine 13:4: "...as jy kwaad doen, vrees dan; want hy (die owerheid) dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf."

Die swaard was in die ou tyd (en vandag nog) die simbool van die handhawing van die reg, ook met die swaarste straf, die doodstraf (waarvoor die swaard gebruik is). Vandaar dat *Justitia* nie net 'n skaal in haar linkerhand nie, maar ook 'n swaard in haar regterhand dra.

Soos met alle dinge kan die doodstraf misbruik word. Die Here sal op die jongste dag ook die regters hiervoor verantwoordelik hou. Maar dit

weerhou Paulus nie daarvan om te sê dat selfs heidense owerhede die verantwoordelikheid het om die doodstraf regverdig te gebruik nie. Ons moet nie vergeet dat Paulus self uiteindelik (onregverdig) deur die Romeinse owerheid die doodstraf opgelê is nie!

### Doodstraf en vergewing

Hoe sou jy as Christelike regter handel as die misdadiger nie alleen erken dat hy die misdaad gepleeg het nie, maar ook om vergiffenis vra? Die argument word nogal dikwels geopper, nie alleen teen die doodstraf nie, maar ook teen elke maatskaplike straf waar berou en vergewing ter sprake is. Die probleem lyk meer akuit in gevalle van die doodstraf omdat die lewe van berouvolle misdadigers weggeneem kan word, terwyl, as die berou eg is, hulle nie meer 'n gevaar vir die samelewing inhou nie.



Die kinkel in die redenasie lê in die laaste sin. In die Bybel is straf nie daarop gemik om potensiële gevare uit die samelewing weg te neem nie. Hierdie idee sit wel agter ons moderne sisteem van *gevangenisstraf*. Ons stop kwaaddoeners in die tronk – dit laat

ons veilig voel. Soos ons in die voorafgaande gesien het, gaan dit in die Bybel oor *regstelling*. Misdaad word gestraf om die kumulatiewe nadeel van die slagoffer te vergoed. Bybels heet dit *vergelding*.

Die Here verwag dan ook dat by opregte berou oor 'n gepleegde sonde of misdaad, daar ook die begeerte moet wees om die sonde reg te stel. Regstelling hoort by die pleit om vergiffenis. Die een kan nie sonder die ander nie. Daarom het die Here bepaal dat, wanneer iemand 'n skuldoffer in die tempel wil bring om daar vergiffenis te

**Die omhelsing van Christus in die geloof is die eerste bewys van wedergeboorte, en slegs dan kan ons weet dat ons werklik wedergebore is.**

- John Murray

vra vir 'n sonde teen die eiendom van 'n ander, daar eers regstelling moet plaasvind (Levitikus 6:1-7). Eers ná die betaling van die vergoeding (en in hierdie geval 'n bykomende 20% vir meined) dán kan die misdadiger na die tempel gaan om daar vergewing te ontvang (v. 5). Die betaling van die deur die wet vereiste regstelling is voorwaarde vir die vergiffenis van die Here.

Dié beginsel geld vir ons vandag nog. Ons moet eers ons sonde teen ons naaste regstel voordat ons na die Here durf gaan om vergiffenis daarvoor te vra. Dit is so dat ons nie meer die bemiddeling van 'n priester, of 'n offerdier nodig het nie. Ons kan direk, deur bemiddeling van ons Hoëpriester Jesus Christus, tot God om vergewing van ons sonde bid. Christus is terselfdertyd ons "offerdier". Hy het vir ons sonde gesterf as offer aan die kruis. Die beginsel geld ewewel nog steeds: éérs ons sonde regmaak met ons naaste, dán om vergiffenis vra.

Die beginsel geld ook wanneer die regstelling wat teen ons geëis word die doodstraf is. So kon Paulus voor sy regter verklaar: "... *as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterwe nie*" (Handelinge 25:11).

Ingeval die doodstraf tereg van ons geëis word, moet ons, hoe moeilik dit ook is, ons gepaste

straf aanvaar as die deur God ingestelde regstelling vir ons misdaad. Daarmee sal ons opregte berou oor die misdaad bewys. Ons kan die doodstraf ook aanvaar omdat ons weet dat daar in Christus vergewing is. Dié vergiffenis beteken dat ons Here ons siel sal ontvang, en ons verseker van 'n ewige lewe met Hom in die heerlijkheid.

Hierdie beginsels hou in dat as ons ooit in só 'n sonde val dat ons 'n halsmisdaad (volgens die wet van God) pleeg, ons bereid moet wees om uit geloof, die gevolge daarvan te aanvaar. As ons samelewing 'n ander, miskien mindere straf van ons eis, moet ons steeds besef dat God anders bepaal het. In die geloof moet daar 'n diepe besef wees van die erns van ons misdaad, en 'n bereidheid om God se straf te aanvaar. Inmiddels moet ons Hom dank dat Hy, in ons besondere maatskaplike omstandighede, ons miskien van Sy geëiste straf vrystel omdat ons owerheid 'n ander straf bepaal het. Dit moet lei tot des te meer nederigheid teenoor Hom, en 'n vurige begeerte om Hom in hierdie lewe van harte te dien.

Wanneer teologie van Christus losgemaak word, is dit nie net vergeefs en vertroebel nie, maar eweneens sinneloos, misleidend en vals; want alhoewel die (heidense) filosofie soms met uitstekende gesegdes vorendag kom, is daar niks in wat nie van korte duur en selfs met bose en verkeerde idees vermeng is nie.

– Johannes Calvyn

**As 'n kerk haar woorde begin devalueer, dan word die kerk 'n ramp vir die volk.**

- K Schilder